



CREATIVITY IS
INTELLIGENCE
HAVING FUN

Hallo liewe kunstenaars!

In die volgende lesse gaan ons fokus op

PRET!

Ek gaan my bes probeer om aktiwiteite voor te berei wat materiale benodig wat jy sommer in die huis het.


Hierdie is nie verpligtend nie, maar ek daag jou uit om dit te probeer.

As jy jou projek graag met my wil deel, neem 'n foto en e-pos dit vir my na sduplessis@laerskoolmikro.co.za. Ek sal van hierdie foto's die volgende week by die nuwe les insluit, sodat ons bietjie ons kreatiwiteit met mekaar kan deel.

Onthou om jou naam, van en graad by te sit!


- Stap 1

Kry 'n dun toutjie of gare en hou dit vertikaal oor 'n stukkie papier van jou keuse. Hoe lang en slapper jou troutjie is hoe lekkerder gaan hierdie werk.



- Stap 2

Laat val die stukkie tou en trek die lyne van die tou af met 'n potlood.
Neem dan die toutjie weg.



- Stap 3

Hier kom die kreatiewe deel! Kyk of jy 'n prentjie met hierdie lyn op jou papier kan vorm. Die lekker deel hiervan is dat elkeen se prentjie gaan verskil!

Jy kan jou papier draai soos jy wil om die prentjie te kry wat jy soek.

be
creARTive.

So lyk myne!



Sit kleur by en maak selfs 'n agtergrond!
Jy kan hierdie nou weer en weer probeer!